E-LEER

La Rochelle beskou tegnologie nie as die doel opsigself nie, maar wel dat tegnologie die *hulpmiddel* is waarmee *effektiewe leer* op alle vlakke bereik kan word.

BREë DOELSTELLINGS:
La Rochelle wil:
- alle leerders voorberei om tegnologies vaardig te wees in die eeu waarin ons leef.
- nuwe en bestaande rekenaartoerusting optimaal benut in die leerproses van leerders.
- effektiewe leer bevorder deur toenemend van tegnologie gebruik te maak.
- die kurrikulum en tegnologie in 'n groter mate met mekaar integreer.
- kommunikasie tussen leerders en leerkragte, asook tussen leerders self uitbrei en versterk deur van alle moontlike tegnologie gebruik te maak.
- die werk van leerkragte en leerders op alle moontlike vlakke vergemaklik en bespoedig deur van tegnologie gebruik te maak.
- leer meer *leerdergesentreerd* maak – m.a.w. die beginsel bevorder dat leerders hulle eie kennis kan skep.
- ook die gebruik van gevorderde tegnologie gebruik om die bemarkbaarheid van die skool te verhoog.

SPESIFIEKE DOELSTELLING VAN E-LEER IN LA ROCHELLE IS OM:
- 'n nuwe manier van leer te bevorder;
- meer klastyd vir opvoeders in die klas te skep;
- bestaande dele van die kurrikulum te verryk;
- om leer meer leerder-gesentreerd te maak.

VOORDELE WAT DIE TOEPASSING INHOU:
- Meer klastyd deur "administratiewe aangeleenthede" op intranet te plaas.
- Bevorder leerdergesentreerde leer waar die leerder groter verantwoordelikheid moet neem vir haar eie leer.
- Gee opvoeder tyd om individuele aandag te gee.
- Bevorder leer as sosiale aksie deur samewerking met ander te bevorder.
- Plaas groter druk op die leesvermoë van leerders.
- Vereis dat leerders sowel as opvoeders meer innoverend moet optree.
- Maak leer meer toeganklik deurdat dit enige tyd gedurende die skooldag buite die klaskamer kan geskied.
- Kostebesparend deurdat leermateriaal kosteloos verskaf word.

STRATEGIE VIR E-LEER:
Die vorm en toepassing van e-leer word gebaseer op beginsels wat in La Rochelle as noodsaaklik, prakties uitvoerbaar en bekostigbaar beskou word. Dit mag verskil van e-leertoepassings elders. Dit is ook logies dat bestaande sienings met verloop van tyd aangepas mag word.

Die beginsels waarop e-leer in La Rochelle toegepas word, word die volgende aanvaar dat:
- leerders hul eie kennis skep (constructivism).
- leer 'n sosiale aksie is.

Die spesifieke doelstelling van e-leer in La Rochelle is om:
- 'n nuwe manier van leer te bevorder.
- meer klastyd vir opvoeders in die klas te skep.
- bestaande dele van die kurrikulum te verryk.

Die aard van e-leer in La Rochelle is 'n *Hibriede tipe* van e-leer wat gevolg sal word. Dit beteken dat gewone klasonderrig die hooftipe onderrig sal bly, maar dat dit afgewissel sal word met aanlyn-leer (Intranet en Internet).